basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRSA.2**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2014**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

# OGGENDSESSIE

Kopiereg voorbehou

WESTERN CAPE

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik vir jou beplanning, by voorbeeld, ’n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK ’N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 60 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 30 minute

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor ’n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: OPSTEL


Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 1

1.1 **MY TWEE BESTE VRIENDE**

Jou vriende speel 'n belangrike rol in jou lewe.
Daarom moet jy jou vriende versigtig kies.

Skryf 'n **opstel** waarin jy van jou twee beste vriende vertel of jou twee beste vriende beskryf.



[Uit: *Google Clipart*]

Dink aan die volgende:

- Wie is jou twee beste vriende?
- Waarom is hulle jou vriende?
- Wat doen julle alles saam?
- Waarom is jou vriende vir jou belangrik? **[40]**

1.2 **DIE DAG TOE EK DIE BURE SE KINDERS MOES OPPAS**

Die bure het jou gevra om hulle kinders op te pas terwyl hulle by die kerk was. Een van die kinders het weggeraak ...

Skryf 'n **opstel** waarin jy vertel of beskryf wat gebeur het.



[Uit: *Google Pictures*]

Dink aan die volgende:

- Wat het jy en die kinders alles gedoen terwyl die ouers by die kerk was?
- Wanneer het die kind weggeraak?
- Wat het jy gedoen toe jy besef het dat die kind weg was?
- Waar het jy die kind gekry? **[40]**

Kopiereg voorbehou 

## 1.3 DIS WAAR EK BLY

Elke mens bly in ŉ unieke omgewing. Dit is die plek waar jy elke dag leef.

Skryf ŉ **opstel** waarin jy van jou omgewing vertel of jou omgewing beskryf.

Dink aan die volgende:

- Waar bly jy?
- Hoe lyk jou omgewing?
- Wat maak jou omgewing baie spesiaal?
- Sou jy op enige ander plek wou bly? **[40]**

## 1.4 EK KYK GRAAG TELEVISIE

Dit is vir jou lekker om televisie te kyk.

Skryf ŉ **opstel** waarin jy vertel waarom jy daarvan hou om televisie te kyk.



[Uit: *mashable.com*]

Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer kyk jy televisie?
- Watter programme kyk jy graag?
- Hoekom is dit vir jou lekker om televisie te kyk?
- Wat, dink jy, is die voordele van televisiekyk? **[40]**

Kopiereg voorbehou
WESTERN CAPE


1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf ’n **opstel** daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel ’n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1



[Uit: *Google Pictures*] **[40]**

1.5.2



[Uit: *Google Pictures*] **[40]**

1.5.3



[Uit: *Clipart*] **[40]**

1.5.4



[Uit: *beautifulwallpapers.com*] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

## VRAAG 2

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het 'n beursie met R500 daarin, opgetel.

Skryf 'n **brief** aan jou maat en vertel vir hom/haar wat daarna gebeur het.


[Uit: *Google Pictures*]

Dink aan die volgende:

- Waar het jy die beursie opgetel?
- Hoe het jy gevoel toe jy die geld in die beursie gesien het?
- Wat het jy nog alles in die beursie gekry?
- Wat het jy met die beursie gedoen?


**[20]**

### 2.2 FORMELE BRIEF

'n Groep mense van die Goeie Hoop Gemeenskapsorganisasie het baie hard gewerk om lekker kos vir julle jeugkoor se kompetisie te maak.

Skryf namens julle jeugkoor 'n **formele brief** aan die voorsitter van die organisasie om dankie te sê vir die lekker kos.

Gebruik die volgende adres:
Die Voorsitter, Goeie Hoop Gemeenskapsorganisasie, Posbus 9538, Johannesburg, 2000.


[Uit: *Google Pictures*]

Dink aan die volgende:

- Wie wil jy in die brief bedank?
- Waarvoor wil jy hierdie persone bedank?
- Waarom was dit wat hulle gedoen het, spesiaal?
- Hoekom, dink jy, is dit belangrik dat ons mekaar moet help?

**[20]**

## 2.3 DIALOOG




[Verwerk uit: *Life Orientation for the real world, Gr 11*]

Themba en Lulu praat oor skooldrag. Themba dink nie dat leerders skooldrag moet dra nie, maar Lulu dink leerders móét skooldrag dra.

Skryf die **gesprek** tussen Themba en Lulu neer.

Begin die gesprek só:

Themba: Ek dink nie dat leerders skooldrag moet dra nie!
*(Reël oop)*
Lulu: Wel, ek dink leerders móét skooldrag dra.
*(Reël oop)*
Themba: …
*(Reël oop)*
Lulu: …
*(Reël oop)*

**LET WEL:** Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

## 2.4 VERSLAG

Jou sokkerklub het teen 'n ander klub sokker gespeel. Een van jou klub se spelers het 'n rooi kaart gekry. Hy moes dadelik ophou speel en die veld verlaat. Jy het gesien wat gebeur het voordat hy die rooi kaart gekry het. Die bestuurder van jou sokkerklub het jou gevra om 'n verslag oor die insident te skryf.



[Uit: *cutcaster.com*]

Skryf nou 'n **verslag** waarin jy vertel wat presies gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Waar, wanneer en teen wie het die wedstryd plaasgevind?
- Watter speler het die rooi kaart gekry?
- Wat het hierdie speler verkeerd gedoen om die rooi kaart te kry?
- Wat het gebeur nadat die speler die rooi kaart gekry het? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 50–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

## VRAAG 3

### 3.1 PLAKKAAT

Die suster by die kliniek in jou gemeenskap gaan ŉ praatjie in die gemeenskapsaal hou om mense daarvan bewus te maak dat dit baie belangrik is om skoon water te drink.

Maak ŉ **plakkaat** om die mense in te lig oor die suster se praatjie.



[Verwerk uit: *Google Pictures*]

Dink aan die volgende:


- Waar, wanneer en hoe laat gaan die suster se praatjie gehou word?
- Waarom gaan die suster hierdie praatjie hou?
- Waarom wil die suster mense bewus maak van die belangrikheid van skoon drinkwater?
- Wat gaan die suster doen om die mense te motiveer om na haar te kom luister?

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

### 3.2 DAGBOEKINSKRYWING

Daar het vandag iets goeds met jou gebeur.

Skryf in jou **dagboek** en vertel wat gebeur het.




[Verwerk uit: *wpclipart.com*]

Dink aan die volgende:

- Die hoeveelste is dit vandag?
- Wat het gebeur?
- Hoe voel jy daaroor?
- Wat is die gevolge van hierdie goeie ding? **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy is lid van die Verteenwoordigende Leerderraad (VLR). Die VLR wil die dissipline in julle skool verbeter.

Die hoof het julle gevra om TIEN **reëls**, wat julle skool se leerders moet volg, vir volgende jaar op te stel.

Skryf die tien reëls een-vir-een onder mekaar neer.

Dink aan die volgende:



[Uit: *illustrationsof.com*]

- Wat mag die leerders nie by die skool doen nie?
- Hoe moet die leerders by die skooltye hou?
- Hoe moet die leerders teenoor mekaar en onderwysers optree?
- Hoe moet die leerders aantrek as hulle skool toe kom? **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou
WESTERN CAPE